WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT

VERORDENING INSAKE DIE BEHEER OOR EN GEBRUIK VAN BOTE EN BOOTVAART TE MISVERSTANDDAM

Woordomskrywing

1. In hierdie verordening, tensy uit die samehang anders blyk beteken: -

‘‘agterstewe’’ die agterste gedeelte van ’n vaartuig;

‘‘aankooplyn’’ die boonste limiet van die uitgekoopte area deur die staat (Departement van Waterwese en Bosbou) rondom die dam;

‘‘bakboord’’ die linkerkant van die boot soos van agter gesien;

‘‘besoedeling’’ die direkte of indirekte verandering van die fisiese, chemiese of biologiese eienskappe van ‘n waterhulpbron ten einde dit-
(a) minder geskik te maak vir enige voordelige doel waarvoor dit redeliker wys verwag kan word om gebruik te word; of
(b) skadelik of potensieel skadelik te maak –
    (aa) vir die welsyn, gesondheid of veiligheid van mense;
    (bb) vir enige water- of nie-waterorganismes;
    (cc) vir die hulpbrongehalte; of
    (dd) vir eiendom;

‘‘boeg’’ die voorste gedeelte van ’n vaartuig;

‘‘boot’’ of ‘‘vaartuig’’ enige vervoermiddel wat in staat is om op of in water te dryf of wat ontwerp is vir navigasie op of in water en sluit in, maar is nie daartoe beperk nie,’n motorboot, seilboot, skiroei, kano, kragboot, stralerboot, hengelboot, platboomskuit, veerboot, huisboot, waterfiets en vlot;

‘‘binnelandse water’’ water of wateroppervlak van ‘n staatswaterwerk;

‘‘dam’’ of ‘‘staatswaterwerk’’ ‘n waterwerk wat deur die Minister besit of beheer word en waarvan die beheer gedelegeer is vanaf die Departement na die Weskus Distriksmunisipaliteit;

‘‘Departement’’ of ‘‘DWAF’’ die Departement van Waterwese en Bosbou;

‘‘geregistreerde boot’’ ’n boot waarvoor ’n identifikasienommer kragtens artikel 6 van hierdie verordening uitgereik is;

‘‘gemagtigde beampte’’ enige persoon wat deur die munisipaliteit gemagtig is om die funksies van ’n gemagtigde beampte kragtens hierdie verordening te vervul of ’n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie Diens;

‘‘hanteer’’ of ‘‘beheer’’ of enige soortgelyke uitdrukking met betrekking tot ’n boot, om ’n boot te water te laat,te gebruik, te seil, te navigeer of vas te meer of om toe te laat dat ’n boot te water gelaat, gebruik, geseil, genavigeer of vasgemeer word op die dam of om ’n boot op die dam te hê of daarop toe te laat;

‘‘huisboot’’ enige vaartuig, wat deur eie kragbron aangedryf word of nie, waarop geriewe vir dag-of nagverblyf of vir enige vorm van voedselbereiding voorsien is, of ’n vaartuig waarop enige toilet of wasgeriewe aangebring is;

‘‘ontspanningsaktiwiteite’’ enige aktiwiteit uitgevoer in of op die water in die dam met of sonder die gebruik van ’n boot of vaartuig;

‘‘kano’’ ’n vaartuig wat ontwerp is om deur middel van roeispane sonder enige meganiese hulp aangedryf te word;

‘‘motorboot’’ ’n vaartuig wat deur middel van ’n masjien of ander meganiese apparaat, hetsy binneboords of buiteboords geïnstalleer, aangedryf word, ongeag of sodanige masjien of apparaat die hoofkragbron is, al dan nie;
.
“munisipaliteit” die Weskus Distriksmunisipaliteit;

‘‘onderweg’’ of ‘‘vaart’’ die toestand waarin ’n vaartuig verkeer as dit nie geanker of vasgemeer is of op droë grond is nie;

‘‘omgewing van die dam’’ grond geassosieer en aangrensend tot die staatswaterwerk wat insluit Staatsgrond en privaatgrond;

‘‘roeiboot’’ ’n vaartuig wat ontwerp is om deur middel van roeispane sonder enige meganiese hulp aangedryf te word;

‘‘seilboot’’ elke boot of vaartuig onder seil wat nie deur meganiese krag aangedryf word nie;

‘‘sigbaar’’ sigbaar deur iemand met redelike gesigsvermoë gedurende ’n donker nag met ’n helder atmosfeer;

‘‘soneringsplan’’ ’n plan van die oop water gebied van die Misverstanddam wat opgedeel is in ’n aantal spesifieke sones of sektore vir die uitoefening van ’n spesifieke aktiwiteit of aktiwiteite, of wat enige aktiwiteit verbied en moontlik vir bewatingsdoeleindes geoormerk is;

‘‘sones’’ onderskeie sektore en sones aangedui deur gekleurde boeie;

‘‘stuurboord’’ die regterkant van die boot, soos van agter gesien;

‘‘stuurman’’ die persoon wat die boot stuur of beheer;

‘‘toestemming’’ die skriftelike toestemming van die munisipaliteit;

‘‘vervaldatum’’ 30 Junie van elke jaar of enige ander datum soos deur die munisipaliteit bepaal;

‘‘watergebied’’ die oop watergebied oorkant die aankooplyn;

‘‘waterski’’ om op of in die water te ski of skaats met of sander die hulp van enige vorm van skaatstoestel en waar die

waterskiër deur middel van ’n sleeptou deur ’n vaartuig getrek word, en

‘‘waterskiër’’ of ‘‘skiër’’ ’n persoon wat besig is om te waterski.

Hanteer of beheer van bote op die dam

2. (1) Geen persoon mag op die dam enige boot of vaartuig uitgesonderd ’n kano en ’n skiroei hanteer of beheer nie, tensy sodanige boot by die munisipaliteit geregistreer is en ’n lisensie vir sodanige boot ingevolge hierdie verordening uitgereik is en die identifikasienommer toegewys deur die munisipaliteit, ingevolge die bepalings van hierdie verordening daarop vertoon word nie.

(2) Geen persoon onder die ouderdom van sestien jaar mag ’n boot met ’n enjin van 4,5 kW of meer hanteer of beheer nie, tensy hy/sy vergesel word van ’n persoon ouer as sestien jaar. Waar enige lisensiehouer van ’n boot enige persoon, wat na die mening van ’n gemagtigde beampte nie bevoeg is om sodanige boot te hanteer of te beheer nie, toelaat om dit te doen, kan sodanige beampte die lisensie-houer aansê om nie sodanige persoon toe te laat om sodanige boot te hanteer of te beheer nie, by versuim waarvan die lisensiehouer skuldig sal wees an ’n misdryf.

(3) Geen persoon sal ’n boot op die dam hanteer—

(a) op ’n roekelose of nalatige wyse nie;

(b) onder die invloed van drank of ’n dwelmmiddel nie, of terwyl die persentasie alkohol in sy bloed, uitgedruk in gram per honderd milliliter bloed, 0,04 of meer is nie;

(c) terwyl hy/sy aan ’n gebrek ly wat hom/haar ongeskik maak om dit te doen nie;

(d) op ’n wyse wat gevaarlik is vir die publiek of vir die insittendes van sodanige boot of op ’n wyse wat daarop bereken is om enige eiendom of gerief aan gevaar bloot te stel of te beskadig nie;

(e) op ’n wyse wat ’n oorlas uitmaak nie;

(f) sonder redelike inagneming van die regte van ander persone wat die dam gebruik;

(g) terwyl dit olie, petrol of ’n giftige of skadelike stof lek nie;

(h) indien meer persone of ’n groter vrag aan boord is as waarvoor die vaartuig ontwerp en gebou is of wat op die lisensie aangetoon is nie;

(i) indien die boot nie by die raad geregistreer en gelisensieer is nie en die identifikasienommer wat ten opsigte daarvan uitgereik is, nie duidelik soos deur die raad voorgeskryf, daarop aangebring is nie.

Toerusting van vaartuie

3. (1) Niemand mag ’n vaartuig, uitgesonderd ’n kano en skiroei met betrekking tot subartikel (1)(c) en ’n seilplank met betrekking tot subartikels (1)(b) en (c) op die dam gebruik nie, tensy die volgende toerusting aan boord is:

(a) ’n doeltreffende reddingsgordel, vlotband of ander dryfmiddel vir elke persoon aan boord;

(b) voldoende en geskikte roeispane, skepspane of ’n paal om die vaartuig aan wal te bring;

(c) ’n pomp of ander geskikte skeptoestel, tensy die vaartuig ontwerp is om met die maksimum toegelate aantal persone aan boord te dryf selfs as dit vol water is;

(d) in die geval van ’n motorboot wat gebruik word om ’n waterskiër te trek, ’n geskikte waterski-truspieëlen ’n rooi vlag van 300 mm by 300 mm;

(e) in die geval van ’n motorboot, ’n doeltreffende fluit of sirene wat gebruik kan word om botsings te voorkom;

(f) in die geval van ’n motorboot, ’n doeltreffende brandblusser;

(g) ’n doeltretfende vlamstuiter vir elke vergasser van ’n petrolmasjien aan die vaartuig, behalwe ’n buiteboordmasjien;

(h) ’n doeltreffende knaldemper aan die uitlaatpyp van ’n motoraangedrewe vaartuig;

(i) wanneer ’n vaartuig tussen sononder en sonop gebruik word, die volgende ligte, wat sigbaar moet wees oor ’n afstand van minstens 200 meter:

(i) in die geval van ’n motorboot of seilboot, ’n wit lig wat uit alle rigtings sigbaar is;

(ii) in die geval van vaartuie soos ’n seilboot of kano, of seilplank en skiroei, ’n lantern of ’n flitslig om te vertoon ten einde ’n botsing te voorkom;

(j) ’n geskikte vullishouer;

(k) ’n geskikte anker met ’n voldoende ankertou.

(2) Alle reddingstoerusting aan boord van ’n vaartuig in die water moet in goeie werkende toestand en maklik bekombaar wees vir onmiddellike en effektiewe gebruik.

Reëls vir bootvaart

4. (1) Niemand mag ’n vaartuig in die dam onbewaak laat nie, tensy dit deeglik geanker, vasgemeer of tot ’n veilige hoogte op droë grond bo die watervlak vervoer is.

(2) Geen vaartuig mag op ’n ander plek vasgemeer of te water gelaat word nie as wat vir die doel aangewys of goedgekeur is deur die munisipaliteit, en ’n gemagtigde beampte van die munisipaliteit mag sonder die toestemming van die eienaar enige vaartuig verskuif of op ’n ander plek vasmeer as hy/sy dit in die openbare belang nodig ag.

(3) Geen vaartuig mag aan ’n ander vaartuig of ’n merker, boei of ander navigasiehulpmiddel vasgemeer word nie.

(4) Die stuurman van enige vaartuig moet sorg dat hy/sy deurgaans terwyl die vaartuig onderweg is in so ’n posisie verkeer dat hy/sy volle beheer oor die vaartuig kan uitoefen.

(5) Die stuurman van enige vaartuig wat ’n lyn, kabel of tou vir watter doel ook al sleep, moet sorg dra dat hy/sy niemand anders daardeur in gevaar stel of ongerief veroorsaak nie.

(6) Niemand mag ’n vaartuig so hanteer of toelaat dat dit so hanteer word dat dit ’n gevaar skep of ’n ergernis veroorsaak vir enige ander vaartuig of insittendes daarvan of vir ander persone of eiendom of installasies in of langs die kant van die water nie.

(7) Geen motorboot wat onderweg is en geen persoon wat waterski beoefen in die dam, mag nader as 50 meter van ’n plek waar mense swem of nader as 50 meter van die kant van die water of nader as 10 meter van ’n ander vaartuig beweeg nie, tensy—

(a) omstandighede sodanig is dat sulke afstande nie gehandhaaf kan word nie;

(b) hulp in ’n noodtoestand verleen word; of

(c) die motorboot of ’n waterskiër wat daardeur gesleep word aan wal gaan of van die wal vertrek;

Met dien verstande dat wanneer die voorgeskrewe afstande nie gehandhaaf word nie, die motorboot onmiddellik spoed moet verminder tot minder as 10 km per uur.

(8) Niemand mag op die boeg, voordek of boordwand van ’n motorboot wat onderweg is, wees nie, tensy voldoende veiligheids-of skutmaatreëls aangebring is en niemand mag van ’n motorboot wat onderweg is, spring of duik nie behalwe
wanneer hulp in ’n noodtoestand verleen word of wanneer dit nodig is om die motorboot vas te meer of aan wal te bring.

(9) Waar moontlik sal ’n vaartuig so gestuur word dat die middellyn van die vaargebied altyd aan die bakboordkant van die vaartuig is, met ander woorde alle motorbote moet in ’n antikloksgewyse rigting beweeg.

(10) Wanneer twee vaartuie mekaar van voor of naastenby van voor nader, moet elkeen so gestuur word dat hy/sy die

ander aan sy eie bakboordkant verbygaan en, behoudens die bepalings van subartikel (7), op so ’n afstand en teen so ’n snelheid dat die volgstroom van enigeen van die vaartuie nie die ander in gevaar stel nie.

(11) (a) Geen vaartuig mag ’n ander vaartuig wat in dieselfde rigting vaar, verbysteek nie, tensy dit veilig is om dit te doen, en sodanige vaartuig moet, wanneer hy/sy dit doen, aan die bakboordkant van die ander vaartuig verbygaan en, behoudens die bepalings van subartikel (7), op so ’n afstand en teen so ’n snelheid dat sy volgstroom nie die ander vaartuig in gevaar stel nie.

(b) ’n Vaartuig wat verbygesteek word, sal sy snelheid en rigting handhaaf totdat die verbystekende vaartuig veilig verby is.

(12) Wanneer twee seilbote mekaar nader op ’n ander wyse as in subartikels (10) en (11) bedoel, sal die vaartuig wat die ander aan sy bakboordkant het, sy snelheid en rigting handhaaf en die vaartuig wat die ander aan sy stuur-boordkant het, moet uit daardie ander vaartuig se pad bly deur sy rigting na stuurboord te verander sodat hy/sy agter die ander vaartuig verbygaan, en hy/sy moet indien nodig ten einde ’n botsing te vermy, stilhou of agteruit vaar.

(13) (a) Wanneer twee seilbote mekaar so nader dat dit die gevaar van ’n botsing inhou, moet hulle, ondanks die bepalings van subartikels (10), (11) en (12), soos volg uit mekaar se pad bly:

(i) wanneer elkeen die wind aan ’n ander kant het, moet die vaartuig wat die wind aan die bakboordkant het, uit die pad van die ander bly;

(ii) wanneer albei die wind aan dieselfde kant het, moet die vaartuig aan die loefkant uit die pad van die vaartuig aan die lykant bly.

(b) Vir die doel van hierdie subartikel, word die loefkant beskou as die kant teenoor die kant wat die hoofseil dra.

(14) Nieteenstaande die bepalings van subartikels (9), (10), (11), (12) en (13), moet, waar omstandighede dit vereis ten einde ’n botsing tussen vaartuie te vermy, ’n motorboot vaarreg gee aan alle ander vaartuie en ’n roeiboot of ’n kano vaarreg gee aan ’n seilboot; met dien verstande dat hierdie verordening nie aan die stuurman van enige vaartuig die reg gee om die vaart van ’n ander vaartuig onnodig te versper of belemmer nie.

(15) Die stuurman van enige vaartuig moet ’n veilige en versigtige snelheid handhaaf in ’n gebied waar vaartuie vasgemeer is, waar vis gevang word of waar boeie aangebring is en moet, wanneer die uitsig belemmer is weens mistigheid of ander oorsake, die vaartuig onder sy beheer so bestuur dat persone, ander vaartuie of ander eiendom nie in gevaar gestel word nie.

(16) Geen vaartuig mag nader as 100 meter in die volgstroom van ’n waterskiër vaar nie.

(17) Geen vaartuig of vervoermiddel wat deur middel van ’n skroef bo die water aangedryf word, mag in die watergebied gebruik word nie.

(18) Geen vliegtuig mag neerstryk of opstyg binne die watergebied nie, behalwe in geval van nood.

(19) Geen boot mag op enige boothelling gelaat word nie, behalwe vir doeleindes van herstelwerk.

(20) Alleenlik amptelike bote word toegelaat om verby die boeie voor die damval te beweeg.

Waterski – waar toegelaat

5. (1) Niemand mag op die dam waterski beoefen nie tensy ’n doeltreffende reddingsgordel of ander dryfmiddel aan sy liggaam vasgemaak is.

(2) Geen staal-of metaalkabel of staaldraad mag gebruik word om ’n waterskiër te trek nie.

(3) Die stuurman van enige vaartuig wat ’n waterskiër trek, moet voordat sodanige waterskiër getrek word, toesien dat die waterskiër vertroud is met die noodsein vir water-skiërs, dit wil sê deur met die hand oor die keel te trek.

(4) Geen waterski mag tussen sononder en sonop beoefen word nie en die munisipaliteit kan waterski ook gedurende ander tye belet.

(5) Geen vaartuig mag ’n waterskiër trek nie, tensy ’n tweede persoon ouer as 16 jaar in die vaartuig teenwoordig is om die waterskiër dop te hou.

(6) Geen waterskiër mag ’n waterski uitskop nie, tensy dit gedoen word op ’n plek waar die uitgeskopte waterski nie ’n gevaar vir ’n ander waterskiër of vaartuig skep nie.

(7) Sodra ’n waterskiër die sleeptou los, moet die stuurman van die die vaartuig wat die waterskiër gesleep het die sleeptou onmiddellik op die vaartuig intrek en indien ’n waterskiër die sleeptou per abuis laat val, moet genoemde stuurman die vaartuig onmiddellik omdraai en die water-skiër weer op sleeptou of aan boord van die vaartuig neem.

(8) Wanneer ’n skiër val, moet ’n rooi vlag met ’n minimum mate van 300 mm x 300 mm opgehou word totdat die skiër aan boord klim of weer begin ski.

(9) Waterski word slegs toegelaat binne die sones of sektore wat daarvoor uitgewys is en aangedui is op die soneringsplan.

(10) Geen bote behalwe daardie bote wat van plan is om waterskiërs te sleep word toegelaat in die sones wat vir

waterski aangewys is indien daar reeds binne die sones geski word.

Registrasie en lisensiëring van bote

6. (1) Enige persoon wat van voomeme is om ’n boot op die dam te hanteer, moet skriftelik op die voorgeskrewe vorm by die munisipaliteit om ’n registrasie en lisensie vir die boot aansoek doen.

(2) Enige sodanige aansoek moet vergesel wees van die gelde, soos van tyd tot tyd deur die munisipaliteit bepaal, wat terugbetaalbaar is indien die aansoek nie goedgekeur word nie.

(3) ’n Boot ten opsigte waarvan aansoek om ’n lisensie gedoen is moet, indien ’n gemagtigde beampte dit vereis, beskikbaar gestel word vir ’n ondersoek deur homself op ’n datum, plek en tyd soos deur hom vasgestel.

(4) Wanneer aansoeke om lisensiëring oorweeg word kan die munisipaliteit onderskeid tref tussen oewereienaars en nieoewereienaars, bote wat behoort aan grondeienaars; huiseienaars of inwoners of lede van geregistreerde klubs wat gemagtig is om op die water in die dam te wees en bote wat behoort aan nie-grondeienaars, nie-huiseienaars, of nie-inwoners, of nie-lede ten einde die getal bote wat gelisensieer kan word, te beperk.

(5) Die munisipaliteit kan sodanige aansoek goedkeur of weier om dit goed te keur en kan, wanneer hy/sy dit goedkeur, die
voorwaardes oplê met betrekking tot die wyse van hantering van die boot, herstelwerk of veranderings daaraan, wat hy/sy in die belang van veiligheid of ter nakorning van hierdie verordening nodig ag.

(6) Die munisipaliteit weier om ’n aansoek goed te keur indien hy/sy daarvan oortuig is dat die hantering van sodanige boot—

(a) ’n bron van besoedeling in die dam of die omgewing van die dam sal wees;

(b) ’n oorlas sal veroorsaak; of

(c) gevaar sal inhou vir persone wat dit gebruik of vir die publiek of enige deel van die publiek.

(7) Die registrasie van ’n boot is nie oordraagbaar van een persoon na ’n ander of van een boot na ’n ander nie, behalwe waar ’n eienaar van ’n geregistreerde boot ingevolge hierdie verordening sy registrasienommer en lisensie oordra na ’n ander boot wat aan hom behoort, met skriftelike toestemming van die munisipaliteit.

(8) Die registrasie spesifiseer die naam van die persoon aan wie dit uitgereik is asook die maksimum aantal persone wat in die boot vervoer mag word, die tipe en algehele lengte

van die boot, die maksimum krag van die enjin en die identifikasienommer aan die boot toegewys.

(9) Registrasie en lisensiëring geskied uitsluitlik na goeddunke van die munisipaliteit en redes word verstrek indien die registrasie of lisensiëring van ’n boot nie toegestaan word nie.

(10) Die munisipaliteit behou die reg voor om die aantal registrasies per persoon te beperk.

Geldigheid van lisensies en vertoning van tekens

7. (1) Die lisensie van ’n boot verval op 30 Junie van elke jaar en bly vir ’n tydperk van hoogstens twaalf maande of korter tydperk wat die munisipaliteit bepaal, geldig.

(2) Die lisensiehouer van ’n boot moet die lisensie onverwyld op sodanige boot aanbring of laat aanbring op ’n wyse wat vir die munisipaliteit aanvaarbaar is.

Outomatiese verval of intrekking van lisensies

8. (1) ’n Lisensie verval outomaties indien ’n boot deur of op gesag van die munisipaliteit ingevolge artikel 14(4) verwyder is omrede besoedeling veroorsaak is in die dam.

(2) lndien die munisipaliteit van mening is dat ’n boot nie meer vir lisensiëring kwalifiseer ingevolge hierdie verordening of ingevolge enige voorwaardes waarop die lisensie uitgereik is nie, kan die lisensie ingetrek word nadat kennis van dertig dae te dien effekte aan die lisensiehouer gegee is, by die adres aangetoon op die lisensie.

lntrekking van lisensie

9. (1) Die munisipaliteit kan enige lisensie intrek indien—

(a) hy/sy daarvan oortuig is dat die boot ten opsigte waarvan die lisensie uitgereik is, nie meer veilig of seewaardig is nie, of ’n bron van besoedeling in die omgewing van die dam is, of op so ’n wyse gehanteer word dat dit ’n oorlas of gevaar vir ander bote of die publiek of enige deel van die publiek uitmaak;

(b) die boot oorgedra, verkoop of weggedoen word of indien die munisipaliteit daarvan oortuig is dat die lisensiehouer opgehou het om beheer oor genoemde boot uit te oefen of toesig daaroor te hou; of

(c) die lisensiehouer skuldig bevind is aan ’n misdryf met betrekking tot die hantering of beheer van ’n boot ingevolge hierdie verordening.

(2) Indien die munisipaliteit enige lisensie ingevolge hierdie verordening intrek, moet die gemagtigde beampte onverwyld die lisensiehouer van sodanige intrekking verwittig by die adres aangetoon op die lisensie.

Vasstelling van tariewe, gelde en heffings

10. (1) Die munisipaliteit kan tariewe, gelde en heffings vasstel vir die registrasie en lisensiëring van bote en die verskaffing van skyfies en tekens.

(2) By die vasstelling van tariewe, gelde en heffings ingevolge subartikel (I) kan die munisipaliteit onderskei tussen verskillende klasse bote wat van die dam of enige geriewe gebruik maak, of ten opsigte van die grootte, aandrywing of gebruik daarvan, of enige ander onderskeid tref wat volgens die mening van die munisipaliteit tersaaklik is by die vasstelling van sodanige tariewe of geld.

(3) Enige aansoek om die lisensiëring van ’n boot en die gebruik van enige geriewe deur enige boot moet vergesel wees van die voorgeskrewe gelde wat die munisipaliteit bepaal.

Bevuiling en Besoedeling van die dam

11. (1) Niemand mag, terwyl hy/sy in die watergebied is—

(a) onwelvoeglike, aanstootlike of onfatsoenlike taal besig nie;

(b) hom aanstootlik, onbehoorlik of wanordelik gedra nie;

(c) nakend of onwelvoeglik geklee, vertoef, baai of ’n sonbad neem nie, of dit op ’n vaartuig is al dan nie;

(d) opsetlik of nalatiglik enigiets doen wat ongerief aan ’n ander persoon wat van die watergebied gebruik maak, kan veroorsaak of wat moontlik die vrede kan versteur nie.

(2) Uitgesonderd met die toestemming van die munisipaliteit mag geen persoon enige rioolvoor of tenk in die dam laat afvoer of enige vuilwater van enige ander bron daarin laat afvoer nie.

(3) Geen stof soos petrol, olie of enige giftige of skadelike stof mag in die dam gestort of weggedoen word nie.

(4) Geen bottels, blikke, afval of vullis van watter aard ook al mag in die dam gegooi of op die aangrensende grond of enige gerief gestort word nie, behalwe in houers wat vir die doel voorsien word.

(5) Geen persoon mag deur enige handeling of versuim, hetsy regstreeks of onregstreeks ’n oorlas of die skepping of

voortsetting van ’n bron van gevaar toelaat, of toelaat dat ingemeng word met die gerief of gemak van persone in die omgewing van die dam nie.

(6) Enige persoon wat die dam, enige grond wat daaraan grens of enige gerief in verband daarmee bevuil of besoedel, is skuldig aan ’n misdryf.

Bevoegdhede van gemagtigde beamptes

12. (1) Enige persoon wat ’n ongelisensieerde boot op die dam hanteer of wat enige bepaling van hierdie verordening oortree, kan deur ’n gemagtigde beampte aangesê word om sodanige boot onverwyld van die dam te verwyder of om sodanige oortreding te staak en die nie-nakoming van so ’n opdrag is ’n misdryf.

(2) Enige gemagtigde beampte het die reg om te eniger tyd aan boord van ’n boot te gaan en dit te inspekteer ten einde nakoming van die bepalings van hierdie verordening te verseker.

(3) ’n Gemagtigde beampte of iemand wat deur die munisipaliteit skriftelik daartoe gemagtig is, kan in die watergebied:—

(a) enige vaartuig of gedeelte daarvan of enige toerusting daarop of daarin ondersoek en toets ten einde te bepaal of die vaartuig geskik is vir navigasie op of in water en of daar aan enige spesifieke bepaling van hierdie verordening voldoen word;

(b) van die stuurman van ’n vaartuig enige inligting aangaande die vaartuig vereis en kan, indien die stuurman nie in staat is om die inligting te voorsien nie, hom gelas om die vaartuig onverwyld uit die watergebied te verwyder tot tyd en wyl daar aan die versoek voldoen kan word;

(c) van die stuurman vereis om sy naam en adres of die naam en adres van die eienaar van die vaartuig en enige ander inligting wat vir identifikasie-doeleindes nodig is, te verstrek;

(d) van enige ander persoon in die vaartuig as die stuurman, vereis om sy naam en adres te verstrek asook enige ander inligting wat benodig word vir die identifisering van die stuurman of die eienaar van die vaartuig;

(e) indien dit vir hom voorkom of die stuurman van enige vaartuig weens fisiese of geestelike toestand, hoe dit ook al ontstaan het, nie in staat is om die vaartuig te bestuur of in beheer daarvan te wees nie, tydelik die stuurman belet om voort te gaan om die vaartuig te bestuur of in beheer daarvan te wees en enige reëlings tref wat na sy mening nodig of wenslik is vir die veilige beskikking oor die vaartuig;

(f) indien dit vir hom voorkom of die vrag of aantal persone wat in enige vaartuig vervoer word, meer is as waarvoor die vaartuig ontwerp en gebou is of meer is as wat met inagneming van heersende omstandighede met redelike veiligheid in die vaartuig vervoer kan word, die stuurman van sodanige vaartuig belet om voort te vaar tot tyd en wyl die vrag of aantal persone verminder is op die wyse wat hy/sy nodig of wenslik ag;

(g) indien dit vir hom voorkom of enige vaartuig of gedeelte daarvan nie geskik is vir navigasie op of in die water nie, die stuurman gelas om die vaartuig onverwyld uit die watergebied te verwyder tot tyd en wyl die vaartuig of die gedeelte daarvan geskik gemaak is vir navigasie op of in die water;

(h) indien dit vir hom voorkom of enige van die toerusting soos voorgeskryf by hierdie verordening nie aan boord van ’n vaartuig is nie of nie in ’n goeie werkende toestand is nie of nie maklik aan boord bekombaar is vir onmiddellike gebruik nie, die stuurman gelas om die vaartuig onverwyld uit die watergebied te verwyder tot tyd en wyl voldoen is aan al die voorskrifte van hierdie verordening met betrekking tot toerusting;

(i) enige onbewaakte visstok of lyn van die dam verwyder indien die stok of lyn, na sy mening ’n gevaar inhou vir die veiligheid van ander.

(4) (a) Geen persoon mag enige gemagtigde beampte tydens die uitvoering van sy pligte dwarsboom of met hom inmeng nie, en

(b) geen persoon mag weier om sy/haar juiste naam en adres te verstrek wanneer ’n gemagtigde beampte dit versoek nie.

Delegering van bevoegdhede

13. Die munisipaliteit kan enige bevoegdheid by hierdie verordening aan hom verleen, uitgesonderd die bevoegdheid om gelde te hef of te bepaal, aan enige persoon of persone of organisasie delegeer en/of oordra en sodanige persoon of persone of organisasie het na sodanige delegering of oordrag dieselfde bevoegdhede as wat die munisipaliteit ingevolge die bepalings van hierdie verordening sou gehad het.

Verwydering van bote van die dam

14. (1) lndien die eienaar van ’n ongelisensieerde boot versuim om sodanige boot van die dam te verwyder nadat hy/sy deur die munisipaliteit of enige gemagtigde beampte versoek is om dit te doen, kan die munisipaliteit sodanige boot onverwyld verwyder.

(2) (a) Ingeval die munisipaliteit enige lisensie intrek of indien enige lisensie ingevolge hierdie verordening verstryk of verval, moet die eienaar van die boot waarvan

die lisensie verstryk of verval het of ingetrek is, sodanige boot onmiddellik van die dam verwyder.

(b) Indien die eienaar van ’n boot waarvan die lisensie verstryk of verval het of ingetrek is, in gebreke bly om sodanige boot van die dam te verwyder binne dertig dae na die verstryking of verval van die lisensie of nadat kennis van gemelde intrekking aan hom gegee is, is hy/sy skuldig aan ’n misdryf en kan die munisipaliteit sodanige boot onverwyld verwyder.

(3) Enige boot in of op die dam ten opsigte waarvan die gelde wat deur die munisipaliteit voorgeskryf word, vir meer as dertig dae agterstallig is, kan deur die munisipaliteit van die dam verwyder word nadat daar skriftelik aan die eienaar of lisensiehouer kennis van die munisipaliteit se voomeme gegee is.

(4) Indien die munisipaliteit van mening is dat enige boot ’n gevaar in die dam uitmaak of besoedeling veroorsaak, deur die storting van petrol of olie, kan sodanige boot onverwyld deur die munisipaliteit verwyder word.

(5) Waar die munisipaliteit gemagtig is om ’n boot te verwyder, kan ’n gemagtigde beampte enige reëlings tref wat hy/sy nodig ag om die verwydering van sodanige boot te verseker, en die munisipaliteit kan die koste van sodanige verwydering van die eienaar verhaal.

(6) Indien bote wat ingevolge die bepalings van subartikels (1), (2)(b) of (4) van die dam verwyder is, nie binne negentig dae na sodanige verwydering, of in die geval van bote wat in subartikel I(3) vermeld word, binne negentig dae nadat daar skriftelik aan die eienaar of lisensiehouer kennis gegee is, en alle agterstallige gelde betaal is, opgeëis word nie, kan die munisipaliteit op die boot of bote beslag lê by wyse van ’n hofbevel vir die verhaal van alle agterstallige gelde.

Vrystelling van aanspreeklikheid ten opsigte van besering en/of skade

15. (1) Die munisipaliteit aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige besering wat opgedoen word deur enige persoon wat van die dam of enige gerief gebruik maak, of vir skade aan enige eiendom daarop nie, wat die oorsaak ookal is.

(2) Die munisipaliteit is nie aanspreeklik vir enige verlies of skade aan eiendom wat veroorsaak word deur, of voortspruit uit, of in verband staan met enigiets wat te goeder trou gedoen of uitgevoer word in die uitoefening of nakoming van ’n bevoegdheid verleen of plig opgelê ingevolge hierdie verordening nie, uitgesonderd in die geval van enige opsetlike optrede of versuim van die kant van die munisipaliteit.

Algemeen

16. (1) Niemand mag, sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die munisipaliteit, in die watergebied—

(a) vir beloning of wins ’n vertoning, vermaaklikheid, besigheid of handel van watter aard ookal hou of dryf nie;

(b) enige huisboot gebruik of aanhou nie;

(c) enige vaartuig waarop passasiers of goedere teen betaling of vergoeding vervoer word, aanhou of gebruik nie;

(d) enige visvangkompetisie hou nie; of

(e) enige wedren, byeenkoms of regatta hou nie;

(f) enige struktuur in of op die watergebied oprig nie.

(2) Wanneer die munisipaliteit sy toestemming ingevolge subartike1 (1) verleen, kan die munisipaliteit na goeddunke die voorwaardes stel om die veiligheid van die publiek te verseker.

(3) Geen persoon mag:

(a) van enige brug of damwal in die watergebied visvang nie;

(b) in die dam duik met kunsmatige asemhalingsapparaat, aan spiesvissery deelneem of visnette waarvoor hy/sy nie ’n permit het nie, behalwe ’n skepnet, gebruik nie;

(c) visvang sonder ’n lisensie nie;

(d) ’n vuurwapen afvuur in die watergebied nie, behalwe ’n gemagtigde beampte tydens die uitvoering van sy amptelike pligte of vir die afvuur van knaldoppies tydens georganiseerde byeenkomste of om ’n noodsein te gee;

(e) oornag of kamp in die waterarea of op enige eiland in die waterarea nie;

(f) ’n kennisgewingbord, kenteken, boei of merker deur die munisipaliteit aangebring, geplaas of opgeplak, skend, beskadig, verskuif of daarmee peuter nie;

(g) enige watervoëls of ander wilde dier in die watergebied steur, beseer, of voer nie of probeer steur, beseer of voer nie, of

(h) enige plant of boom wat in die watergebied groei, pluk, ontwortel, beskadig of afkap nie of op enige wyse probeer pluk, ontwortel, beskadig of afkap nie.

Strafbepaling

17. Iedereen wat ’n bepaling van hierdie verordening oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen, is skuldig aan ’n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met—

(1) ’n boete of gevangenisstraf, of óf sodanige boete of sodanige gevangenisstraf óf beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf;

(2) in die geval van ’n voortdurende misdryf, met ’n addisionele boete of ’n addisionele tydperk van gevangenisstraf, of óf sodanige addisionele boete of sodanige addisionele gevangenisstraf, of beide sodanige addisionele boete en gevangenisstraf vir elke dag wat sodanige misdryf voortduur; en

(3) ’n verdere bedrag gelyk aan enige koste en uitgawes wat na bevinding van die hof deur die munisipaliteit aangegaan is as gevolg van sodanige oortreding of versuim.

(4) Alle inkomstes en boetes wat kragtens hierdie verordeninge gevorder word sal die Munisipaliteit toeval en sal uitsluitlik aangewend word vir die implementering en toepassing van hierdie verordening.

Opheffing van verordening

18. Die munisipaliteit mag, indien hy/sy dit nodig ag, die nakoming van die bepalings van hierdie verordening, of permit afwykings, uitsonderinge en vrystellings in terme van die bepaling van hierdie verordening ophef, onderheweig aan die voorwaardes wat na sy oordeel nodig mag wees.